

## LIGGINGSDIFFERENSIAAL

# Voorstel maak sojaboere die herrie in

'N LIGGINGSDIFFERENSIAAL vir sojabone word deur Safex oorweeg. Die sojaboonbedryf is erg daarvoor omgekrap en sterk uitlatings teen dié plan is op 'n gesamentlike vergadering van die sojaboonwerkgroep van die Proteïennavorsingstigting (PNS) en die Sojaboonforum in Johannesburg uitgespreek.

Mnr. Chris Sturgess, hoof van die JSE Bpk. se afgeleide kommoditeitsafdeling, is daarvan beskuldig dat die JSE besig is om onder druk van handelaars en persers te swig ten koste van die boere. Sturgess het die vergadering bygewoon.

Mnr. Gerhard Scholtemeijer, voorsitter van die PNS, het gesê dit sal hul harde werk om die sojaboonbedryf te bevorder, ongedaan maak.

Wes-Kaapse koringboere probeer al lank om van die liggingsdifferensiaal vir koring ontslae te raak. 'n Liggingsdifferensiaal is die denkbeeldige koste om graan vanaf 'n bepaalde

silo na die verwysingspunt van lewering na die koper (Safex) te vervoer. In die geval van koring is dit Randfontein. Wes-Kaapse boere verloor dus daardie bedrag wanneer hulle hul koring deur Safex verhandel.

Graan SA het Safex se nuutste planne bekend gemaak. Mnr. Corné Louw, senior ekonoom, het 'n besprekingspunt op die vergadering se sakelys geplaas. Dit lui: "Graan SA neem kennis van druk op die JSE om 'n liggingsdifferensiaal vir sojabone in te stel. Graan SA meen dat die sojaboonmark goed werk sonder 'n liggingsdifferensiaal en wil net hierdie siening met die forum deel en rolspelers attent maak op hierdie druk wat beleef word."

Sturgess het verduidelik sojaboonproduksie was voorheen redelik gekonsentreerd om die groot leweringspunte, maar dit groei deesdae in afgeleë gebiede. "Daar is nou meer leweringspunte waar kopers die sojabone moet

bekom. Dit verhoog hul risiko en dit kan gebeur dat hulle kan begin om minder te betaal – iets wat die hele bedryf sal benadeel." Hy het erken handelaars en persers pas druk op die JSE toe omdat hulle meen die huidige stelsel is nie doeltreffend nie.

Scholtemeijer het gesê liggingsdifferensiaal het 'n skelwoord geword. "Ek kry die indruk dit is dieselfde mense wat bevoordeel sal word wat na bewering al die voordeel van die liggingsdifferensiaal van die koringbedryf trek.

"Ons bedryf werk nou goed. Hoekom wil julle met die mark inmeng?"

Mnr. Louw Steytler, voorsitter van Graan SA, het aan *Landbouweekblad* gesê hul kongres het besluit liggingsdifferensiale vir alle kommoditeite moet afgeskaf word. Dit is onnodig vir sojabone omdat die meeste van die sojabone in die ooste geproduseer word waar die fabriek is. - CHARL VAN ROOYEN